# PSALM 146

D                 G   D
1. Prys Yahweh met blye galme,
A                    D
o my siel, daar's ryke stof!
D            G       D
Sal solank ek leef, my psalme
A                  D
vrolik toewy aan Sy lof
D                G     D
en Hom, wat Sy guns my bied,
                A    D
altyd groot maak in my lied.

D                  G      D
2. Moet op prinse nie vertrou nie,
A                        D
by wie niemand heil kan vind –
D                G       D
op die mens jou hoop nie bou nie;
A                       D
as Yahweh hul gees ontbind,
D              G     D
keer hul na die aarde weer
                A      D
en hul raadslag stort terneer.

D              G   D
3. Salig hy wat in die lewe
A                     D
sonder hulp en sonder raad,
D               G   D
as hom alles wil begewe,
A                      D
vlug tot Yahweh's toeverlaat;
D             G      D
en ook in die swartste nag
              A       D
op Yahweh alleen bly wag.

D               G   D
4. Dis Yahweh se mededoë
A                  D
wat die blinde oog verlig;
D             G     D
wie in stof lê neergeboë,
A                        D
word deur Hom weer opgerig.
D             G     D
Hy bemin dié wat opreg
               A      D
wandel in Sy Woord en weg.